Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2018/19

Annual Report of Arts Association Stellenbosch 2018/19

Ten spyte van ‘n aktiewe jaar het die Kunsvereniging Stellenbosch se ledetal die afgelope jaar effens gekwyn en die uitvoerende komitee soek na idees om meer lede, veral jong lede te trek. ‘n Jong lid is op die UK gekoöpteer om met idees te help. Voorstelle van lede word ook verwelkom. Die ledetal in 2018 was 118 teenoor 2017 se 174. Opbetaalde lede vir 2019 is tans 80. Die Kunsvereniging sal dus moet besin oor ledewerwing en as u idees het hoe om veral jong lede te werf, sal die nuwe uitvoerende komitee wat binnekort verkies word dit sekerlik waardeer.

Die jaarlikse lidmaatskapfooi van die Kunsvereniging Stellenbosch is steeds slegs R150 pp en daar word aanbeveel dat dit jaarliks met ‘n klein bedrag verhoog word. Dit sal by die komende Algemene Jaarvergadering wat in April 2019 gehou word, besluit word.

Regarding activities, the Stellenbosch Arts Association made an effort to present a variety of events such as excursions, workshops, lectures and exhibitions. Although we would wish to present more exhibitions for our members, the three Members’ Exhibitions proved to be quite costly and with not many sales the Arts Association has experienced a loss. Members pay only the hanging fee and no commission whereas guest artists pay 30% commission.

Na vorige gunstige kommentaar het die Kunsvereniging ‘n aantal uitstappies aangebied en alhoewel diegene wat dit bygewoon het dit besonder interessant gevind het en geniet het, was daar nie ‘n toeloop nie. Ons verneem graag van lede hoe hulle oor die uitstappies voel.

Waardering

‘n Aantal praatjies is by die Stellenbosch Universiteitsmuseum aangebied oor ‘n verskeidenheid onderwerpe. Die Kunsvereniging is baie dankbaar vir die gebruik van die Museumlokaal en bedank die US Museum en hulle personeel vir hulle hulp en samewerking.

Die Kunsvereniging se tesourier, Belinda Jacobs, word bedank vir haar wakende oog oor die finansies. Die finansiële state van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind.

Die P J Olivier Kunssentrum en die hoof Nelis Koegelenberg is gewaardeerde bondgenote van die Kunsvereniging en word bedank vir die lokaal vir komiteevergaderings en hulle volgehoue vriendelike samewerking.

Dankie aan my voorganger Margot Steyn vir haar volgehoue ondersteuning en die Uitvoerende Komiteelede vir hulle vriendelike samewerking. Ons verwelkom graag

jonger lede op die komitee en as ‘n spesiale vergunning hoef besige gekoöpteerde lede nie altyd alle vergaderings by te woon nie. Ek bedank die komiteelede vir hulle bydraes.

The Stellenbosch Arts Association Executive Committee 2018/19:

Dirkie Offringa (Chairperson)

Margot Steyn (Deputy Chairperson)

Nelis Koegelenberg (Deputy Chairperson)

Belinda Jacobs (Treasurer)

Hettie de Klerk (Workshops)

Sona Buys (Talks/lectures)

Daniel Louw (Members’exhibition)

Elsabe Nortjé (Community project)

Lucelle van Wyk (Co-opted)

Martinus van Tee (co-opted)

Laura Jonck (Secretary – ex officio)

Ulrich Wolff (US Museum ex-officio)

Excursions

1. 26 May 2018: Excursion to the Spier Estate with a guided tour of the Spier Art Collection by Dr Lydia de Waal.
2. 24 August 2018: Visit to the elegant new studio/gallery of painter/sculptor/graphic artist Lionel Smit at Paardevlei. Members of the Arts Association had the opportunity to have a walkabout of the studio before the official opening and to chat to the artist.
3. 1 November 2018: *All about sculpture and casting in bronze*. Visit to the studio/gallery of local sculptor Stephen Rautenbach who explained his artmaking and casting. This was followed by a visit to the new foundry at the Information Office of Stellenbosch 360, the Stellenbosch Tourist Centre. Sculptor Jacques Buys explained the process while his son Lee Buys, who manages the foundry, gave a practical demonstration.
4. 27 February 2019: A private walkabout at a discount for members of the Arts Association was presented at the Norval Foundation. Everybody present agreed that this was an exceptional experience. However, it was disappointing that not everybody who indicated that they wanted to go attended and paid in advance and the Arts Association suffered a loss since the admission had to be pre-paid. However, it was decided that this is part of the Arts Association’s service to its members!

Lede-uitstallings

5. 29 September tot 8 Oktober 2018, tema *Vind*: Die Kunsvereniging het groot waardering vir die medewerking met Moederkerk in Stellenbosch en die gratis gebruik van die Hofmeyrsaal in Kerkstraat. Die Kunsvereniging het belê in ekstra uitstalskerms en beligting vir die Hofmeyrsaal en hierdie uitstalling is gewoonlik die hoogtepunt van die Kunsvereniging se kunskalender. 41 kunstenaars het deelgeneem en 145 kunswerke is uitgestal. Daar was ook ‘n aantal kunstenaars uit die “dorpies” rondom Stellenbosch wat deur die Kunsvereniging geborg is om deel te neem en ons hoop op verdere samewerking met e’Bosch, die Stellenbosch Erfenisorganisasie, en hulle kontakte in die gemeenskap. Gaskunstenaars was:
   Strijdom van der Merwe
   Marion Langton
   Kaffie Pretorius
   Mila Reyneke
   Lenie Harley
   Stephen Rautenbach
   Fana Malherbe

6. 13 tot 17 November 2018: Die jaarlikse mini-uitstalling by die P J Olivier Kunssentrum is deur Laura Jonck gereël. Die gasspreker was Nelis Koegelenberg en die gaskunstenaar was Willeen van Rhijn. 45 kunstenaars het deelgeneem en 270 kunswerke is uitgestal. Die pryse van die klein kunswerke was R1000 en minder. Die Kunsvereniging borg met die inkomste die klasgeld by die P J Olivier Kunssentrum van ‘n belowende student – vanjaar was dit Frauke Louw.

Ledebyeenkomste

7. 24 April 2018: Jaarvergadering van die Kunsvereniging Stellenbosch met Andy Norton as gasspreker. Andi is die sameroeper van die Stellenbosch Opelug Beeldhoutrust en het gesels oor openbare kuns en die jaar se beeldhoutema, *Stand.*
8. 30 Mei 2018: Kunskurator Ulrich Wolff het ‘n begeleide toer aangebied van die Universiteit Stellenbosch Kunsversameling.
9. 30 Oktober 2018: Die bekende plaaslike kunstenaar Strijdom van der Merwe het gesels oor sy besoek aan Japan en sy deelname aan *Echigo – Tsumari Art Triennale 2018.*
10. 28 November 2018: Die Huberte Rupert Gedenklesing is aangebied deur Elana Brundyn, die Hoof Uitvoerende Beampte van die Norval Stigting, wat gepraat het oor *Mens, Kultuur, Plek.*

Art Workshops for members

11. 2 to 23 February 2019: Marion Langton AWSSA FSASA presented a four-week course in watercolour. The course consisted of sessions from 9:00 to 12:30 on four consecutive Saturday mornings at P J Olivier Art Centre, Stellenbosch.

Children's workshops and holiday programmes

12. 10, 11 and 12 July 2018: crocheting for everybody organised by Hettie de Klerk and presented by Laura Jonck.
    Guided tour of the Rupert Museum by Nelis Koegelenberg and colouring of copied paintings by Henk Pierneef and Irma Stern.
    Creating a painting with beads presented by Naomi Botha at Jamestown and Cloetesville libraries. Children between the ages of 9 and 15 participated in classes of ± 25 children.

Members are invited to visit the Stellenbosch Arts Association Facebook page.

Dirkie Offringa

Chairperson/Voorsitterortsitter

Kunsvereniging Stellenbosch Arts Association

March/Maart 2019